

## 31 Januarie - BEKERING

**Skrifgedeelte: Lukas 15:1-7 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Lukas 15:1-7**

**J**esus wys hoe die herder geen moeite, opoffering en lyding te groot ag om 'n verlore skaap op te spoor nie. Hy dink nie aan die probleme en gevare op die soektog nie. Hy hou aan om te soek, totdat hy die verlore skaap gevind het.

Hierin is 'n boodskap van groot genade, want wie is meer verlore as sondaarmense? Ons verdien die dood en die straf in die hel, reeds vanaf die val in ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys. Ons almal word vandag nog in sonde ontvang en gebore.

Hier sien ons egter dankbaar dat Jesus verlorenes opsoek. God se liefde vir ons is so groot dat Hy elke kind van Hom soek en bly is oor elkeen wat gevind word. Jesus het baie tyd aan sondaars bestee. Hy het die Blye Boodskap van God se koninkryk aan hulle verkondig. Hy doen dit vandag nog.

Wat meer is, daar is selfs blydschap in die hemel oor een persoon wat tot bekering kom, meer as oor baie wat dink hulle het nie bekering nodig nie. Sommiges het kwansuis gearriveer. Hulle is in hulle eie oë regverdig. Hulle sal die kerk nie wil bevuil met dié wat nog nie glo nie. Teenoor selfverklaarde regverdiges is die uitgeworpene, afgedwaalde wetsoortreder, in soverre dit die skyn-“regverdiges” aangaan, van geen waarde of betekenis nie.

Watter betekenis het verlorenes vir jou? Het ons nie nog steeds die verantwoordelikheid om te gaan soek na die afgedwaaldes nie? Ons Here Jesus doen dit steeds vandag deur sy volgelinge.

Jy ken die verlorenes – daar waar jy bly, in jou vriendekring, in jou alledaagse gang. Wat doen jy daaraan? Roep jy hulle op tot bekering?

*Sing: Psalm 23:1, 2 (1936)*

*Ds DP Prinsloo (Outjo, Otjiwarongo, Biermanskool)*